

nie oorbodig gewees het nie. Trouens, die besoeker se eerste indruk van 'n dorp word bepaal deur die argitektuur van daardie dorp.

By die deurlees van hierdie publikasie word die leser daarvan bewus hoe 'n belangrike rol die Gereformeerde Kerk en Gereformeerdes in die totstandkoming en opbou van hierdie dorp gespeel het. Die leierfigure was en is heel dikwels mense met bekende "Dopper"-vanne. Dis is dus nie vreemd dat die dorp na prof. Dirk Postma, die eerste predikant van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, vernoem is nie. En tog is dit jammer dat die oorspronklike naam, Blinkklip, vir hierdie naam moes terugstaan — veral as die pragtige legende rondom laasgenoemde naam (kyk bylae B) in gedagte gehou word.

Die outeur, 'n navorser in die Afdeling Streekgeskiedenis van die RGN en 'n boorling van Postmasburg, het met oorgawe en deernis oor die kontrei geskryf, maar sonder om ooit in sentimentaliteit te verval of een groep van die samelewing bo 'n ander te stel. Die objektiwiteit waarmee hy na die verskillende instellings en gebeure kyk, kan nie anders as om indruk te maak nie. Indien Snyman op hierdie weg voortgaan, wag daar 'n mooi toekoms op hom as streekhistorikus. Hierdie publikasie bewys dat hy ook die leuse van sy dorp *Labor ipse voluptas* (arbeid self is vreugde) uitleef.

Vir 'n publikasie van hierdie omvang is die bronnelys beslis indrukwekkend. Dit is duidelik dat Snyman deeglik navorsing gedoen het. 'n Netjiese en deeglike register rond die publikasie af.

Postmasburg, 'n dorp wat waarskynlik deur min Suid-Afrikaners onmiddellik op 'n kaart aangedui sal kan word, is gelukkig dat juis hý deur 'n sameloop van omstandighede die eerste plek is wat in hierdie nuwe reeks van die Afdeling Streekgeskiedenis behandel word, want hierdie is die soort publikasie wat elke dorp graag oor homself sal wil besit; nie te lywig nie, nie te duur nie, oorsigtelik, vlot geskryf, geïllustreerd en keurig uitgegee. Lesers van hierdie publikasie sal hoop dat die Afdeling Streekgeskiedenis spoedig ook by hulle kontrei uitkom.

Hoewel hierdie publikasie in die eerste plek sy leserskring op Postmasburg en sy direkte omgewing sal vind, is dit tog ook 'n boek wat deur elkeen wat in streekgeskiedenis belangstel met groot vreugde in die hand geneem kan word.

O. J. O. FERREIRA  
Universiteit van Pretoria

J. P. BRITS. *Piet Retief 1883-1983*. Die Stadsraad: Piet Retief, 1983. 231 pp. Geïllustreerd. R5,00 (inklusief).

Wanneer die geskiedenis van 'n dorp of streek geboekstaaf word, behoort die uitbeelding van die ryk geskakeerde fasette en eiesoortige aard daarvan as uitgangspunt te dien. Hierdie benadering stel gewoonlik hoë eise aan die navorser: om 'n gebalanseerde en omvattende beeld te verseker, word naamlik van hom verwag om tegelyk ekonomiese, politieke en sosiale historikus te wees.

Met sy werk oor die honderdjarige bestaan van die dorp en distrik Piet Retief het dr. Brits in hoë mate gestalte aan hierdie riglyne gegee. In teenstelling met soveel ander dorpsgeskiednisse, word die verhaal van dié kontrei nugter en wetenskaplik vertel en ontleed — en tog met 'n deernis wat lewe en warmte aan karakters en gebeure gee. Intensiewe navorsing uit 'n reeks uiteenlopende bronne het die skrywer daartoe in staat gestel. Daarbenewens beskik hy oor 'n skryfstyl wat lekker lees en die boodskap ondubbelsinnig oordra.

In die inleidende hoofstuk word die *pioniersjare* van hierdie landstreek beskryf: die koms en vestiging van die eerste Blankes, die teenwoordigheid van inboorlingstamme, dorpsstigting en distriksverklaring, die Klein-Vrystaat, Duitsers by Lüneburg en 'n uiteensetting van die toedrag van sake op die dorp kort voor die eeuwisseling.

*Plaaslike bestuur* en administrasie in sowel die Blanke dorpsgebied as in die woongebiede vir Swartes, Kleurlinge en Indiërs word in hoofstuk 2 behandel. Die tema van die derde hoofstuk is *regspiegling* in en *verdediging* van die gebied deur die jare. In 'n redelike kort hoofstuk word vervolgens aandag aan *kommunikasie* gegee; dit sluit in die ontstaan en ontwikkeling van verbindingsweë, pos- en telekommunikasiewese, nuusblaaië en geriewe soos die radio en televisie.

Hoofstuk 5 skets in breë trekke die totstandkoming en betekenis van *gesondheids- en welsynsdienste*, terwyl *politieke ontwikkeling* volgende onder die loep geneem word. In hierdie afdeling skemer dit deur dat die skrywer se kennis van die Suid-Afrikaanse politieke hom goed te pas gekom het om 'n sinvolle relaas te gee van strominge en woeëlinge in soverre dit Piet Retief geraak het. Tog is dit jammer dat die politieke ideale en standpunte van inwoners van dié geweste gedurende die republikeinse tydperk (in die ZAR) nie toegelig word nie.

Die langste hoofstuk word tereg aan die *ekonomiese lewe* gewy. Landbou, handel en nywerheid is immers hoekstene van welvaart en dikwels die barometer van 'n gemeenskap se lewenskragtigheid. In die geval van Piet Retief word hierdie waarheid ook duidelik onderstreep: op boerdery- en industriële gebied asook in die sakewêreld is daar die afgelopen honderd jaar merkbare groei, sodat die dorp en distrik tans sy plek op ekonomiese terrein vol staan.

In die hoofstuk oor *godsdienste* word die ontstaan en ontwikkeling van die verskillende kerkgemeenskappe vir alle volksgroepe uitgebeeld en aandag ook aan sendingaktiwiteite geskenk. Die Engelse teks, waar Engelstalige denominasies behandel word (pp. 143-145), doen enigszins hinderlik in 'n Afrikaanse publikasie soos hierdie aan.

Op 'n onderhoudende wyse en aan die hand van ontwikkelingsstydperke word *onderwys* vir alle rasse in hoofstuk 9 beskryf. Wyk- en plaasskole in die distrik is ongelukkig oor die hoof gesien. In hoofstuk 10 val die klem op *kultuurbedrywighede* soos kuns, vermaak, volks- en geleentheidsfeeste en organisasies wat vir hierdie doel tot stand gekom het. Ook *sport en ontspanning* kom aan die beurt; hierin word die tyd in herinnering geroep toe perdewedrenne nog in een van die strate plaasgevind het en word vertel van moderne geriewe wat mettertyd vir 'n groot verskeidenheid sportsoorte geskep is.

'n Klompie beroemde, interessante en kleurvolle figure word in die samevattende slothoofstuk (*besluit*) kortliks aan die leser voorgestel. Melding word voorts van minerale rykdomme in die distrik gemaak en ten slotte waag die outeur 'n kort toekomsblik wat getuig van die hoë verwagtinge wat van dié Suidoos-Transvaalse dorp gekoester word.

Tipografies is hierdie publikasie netjies versorg en sowel die drukker as die skrywer verdien 'n pluimpie vir die noukeurige set- en proefleeswerk. Enkele taalfoute en verskrywings kom wel voor (byvoorbeeld pp. 21, 196-198: *bylaag*; p. 36: *staple neem*; p. 61: *ten tye van*; p. 93: *onwêrtrigtersake*; p. 123: *akkomodeer*), en ofskoon die taalgebruik oor die algemeen keurig en suiwer is, maak die skrywer soms te veel gebruik van uitdrukings soos *bes moontlik*, *blykbaar*, (dit) *skyn* en *skynbaar* (vergelyk pp. 13, 17, 43, 61, 68 en 76).

Verwysings na bronne (voetnote) is ekonomies en plek-plek selfs 'n bietjie yl. So byvoorbeeld word groot gedeeltes beskryf sonder dat 'n opgawe van bronne verstrek word; dit laat die vraag ontstaan waar die betrokke inligting bekom is. Die bronnelys is omvangryk en dui op deeglike navorsing, terwyl 'n handige register naslaanwerk vergemaklik. Voor die eerste hoofstuk is 'n oriënteringskaart aangebring waarop Piet Retief se ligging aangedui word. Ruim sestig foto's wat grepe uit die geskiedenis van die gebied uitbeeld, verskyn verspreid en op toepaslike plekke in die teks. 'n Lys van illustrasies — by die inhoudsopgawe of in die register — ontbreek egter.

In die geheel gesien, is hierdie 'n netjiese en deeglike stuk werk waarop dr. Brits en Piet Retief met reg trots kan wees. Dit is bowendien 'n navorsingsbron wat met vrug deur streekhistorici en -beplanners geraadpleeg kan word.

C. C. ELOFF  
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

## CORRIGENDUM

In an article by Margaret Rainier entitled "Fort Donald and the Abalondolozzi Regiment" which appeared in *Contree* 9 (January 1981), an inaccurate statement was made to the effect that Donald Strachan (and, by implication, other men enrolled under him in the Cape Colonial Forces) received little or no formal recognition from the government for their military services. This requires some modification.

From Mr. D. R. Forsyth, who has generously allowed Margaret Rainier access to his authoritative compilation, *Cape General Service Medal: the medal roll*,<sup>1</sup> she found that men, both Black and White, who served in the following territories, were entitled to the Cape General Service Medal: Transkei, including Tembuland and East Griqualand (1880-1881), Basutoland (1880-1881) and Bechuanaland (1896-1897). However, the decoration was not issued until 1900, in terms of Government Notice No. 841<sup>2</sup> of that year. The onus for applying for it rested entirely on recipients, and it was not awarded posthumously. In consequence, comparatively few members of the Abalondolozzi Regiment actually received the decoration.

Mr Forsyth's research into the Medal Roll has established that Donald Strachan received the Cape Service Medal, with the clasp for Basutoland, in his capacity as Commandant, East Griqualand Forces.<sup>3</sup> It was also awarded to the following White members of the Abalondolozzi Regiment, for the Basuto, the Transkei, or both campaigns:<sup>4</sup> Captains A.R. Adendorff, J.W. Bonner, W.H. Cranney, J.M. Dallamore, W.H. Hulley, A.F. James, H.F. Rouquette, G.R. Scott, H.C. Sloley, J. Usher, G.D. Wright; Lieutenants W.R. Banger, W. Booth, C.J. Castle, H. Chaniir, A.E. Goldsworthy, H.L. Hornsby, H. Seymour, Wm. Tucker, and Private W.H. Chaplin.

It is not known whether the medals awarded to Strachan, or the other men listed here, are still in existence. Although 5 252 medals were issued for the three campaigns, examples of the medal are now rare.

1. The author, 265 Harley Road, Blackheath, Johannesburg, 1974.
2. *Cape of Good Hope Government Gazette*, 4.12.1900, p. 2109.
3. FORSYTH, D.R. *Cape General Service Medal: the medal roll* (Johannesburg, 1974), p. 46.
4. *Ibid.*, p. 10.